



## SIMBAAL 10 Junie 2012

### LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD Sondag 10 Junie 2012

Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1. Psalm 95:1	Bl. 477	Psalm 138:1	Bl. 670
2. Psalm 25:2 & 5	Bl. 115	Psalm 42:3 & 5	Bl. 214
3. SB 11-3 1,7 & 8		Psalm 134:4	Bl. 653
5. Psalm 9:1, 7 & 8	Bl. 36		

### BYBELSTUDIE GROEPE



### SONDAG 17 Junie 2012

- **19:00-20:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.



### WOENSDAG 20 Junie 2012

- **10:00-11:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- **18:00-19:00** in die konsistorie die Naskoolse Voetsoldate.



### SKOOLVERLATERSKAMP

- Tema: Ken die Here persoonlik
- Wanneer: 8-13 Julie 2012
- Koste: R600
- Vir verdere inligting kontak: Paul Vogel 084 440 2199
- [paulkrugervogel@yahoo.com](mailto:paulkrugervogel@yahoo.com)



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

### Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 10 Junie 2012

Nommer 18

Ds. Andre de Jager



### PREKE VANDAG

Oggenddiens Tema: Verwerp omdat ons aangeneem is

Lees: Matteus 5:3-12

Teks: Matteus 5: 10-12

Wanneer ek werklik lewe in die seën, die saligheid wat God my gee omdat Hy my aangeneem het, dan lewe ek in liefde. Liefde vir God en ook liefde vir my naaste. Dit beteken dat ek so lewe dat ek die mense rondom my nie benadeel nie, maar huis wil soek en werk vir die beste vir hulle.

En tog word ons so baie keer vervolg deur die mense rondom my.



**Aanddiens Tema: Is jy by die Here?**

**Lees:** 1 Konings 19:1-21

**Teks:** 1 Konings 19:15-18

Elia het moedeloos geword omdat hy gevoel het dat hy die dinge moet regkry. Maar die Here sê vir hom hy kan nie. Hy kan nie, maar hy hoef ook nie. Dit is die Here wat bewaar en doen en laat gebeur. Nie Elia nie en nie ons nie.




**LIEF EN LEED**

- **Sr Arenda Putter** gaan hierdie week vir 'n knievervangingsoperasie. Ons vertrou dat dit suksesvol sal wees.
- **Sr Tertia van der Merwe** het 'n rugoperasie ondergaan in Pretoria. Ons verneem dat dit al baie goed gaan en alle aanduidings is dat die operasie geslaagd was. 'n Spoedige herstel word u toegebid en sterkte aan Dr Nico wat haar op die herstelpad sal bystaan. Ons het ook verneem dat hulle skoonseun wat ook nog in die hospitaal is, beterskap toon met nuwe medikasie wat gebruik word.
- Ons gebede gaan saam met **Daleen en Charl du Plessis**, hulle gesin en ander familie in hierdie tyd van beproeing. Daleen se moeder is verlede Sondag in Harrismith oorlede en die afgelope week begrawe.

- Br Molliere Daffue was in die hospitaal maar reeds weer huis. Hoop jy herstel gou sodat jou eksamens nie ge-affekteer word nie.

**BORG – 'N - BYBEL**



Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

**MIKPUNTE:**

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand**.
4. Ons uiteindelik mikpunt is dat **elke lidmaat een of meer Bybels sal borg**.
5. U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskoevertjie by die kerk inhandig.
6. Ons het tot op datum (Mei storting) **68 Bybels** se geld ontvang. Daar het later nog koeverte ingekom wat nog verreken moet word.



Wees versigtig wat jy **dink**, dit word jou woorde.

Wees versigting wat jy **sê**, dit word jou aksies.

Wees versigtig wat jy **doen**, dit word jou gewoontes.

Wees versigtig met jou gewoontes, dit bou jou **karakter**.



## KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
10 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
17 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
24 Junie	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
1 Julie	Barmhartigheid	Bybelverspreiding



## GEMEENTEPGRAM

Sondag 10 Junie tot Saterdag 16 Junie 2012

Sondag 10 Junie	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 10 Junie	Katkisasie Les 14	10:30-11:15
Sondag 10 Junie	Aanddiens	18:00-19:00



## TEESINKBEURTE

Sondag 10 Junie 2012	Wyke 05 & 06
Sondag 17 Junie 2012	Wyke 07 & 08
Sondag 24 Junie 2012	Geen teeskink – Vakansie
Sondag 1 Julie 2012	Geen Teeskink – Vakansie



## VERJAARDAE

10 Junie 2012 tot 16 Junie 2012

10 Junie	Rina de Bruyn	02	018 468 2886
11 Junie	Elsje Jansen van Vuuren	18	078 198 2667
11 Junie	Annalize Booysen	12	082 920 9020
11 Junie	Michelle Reinecke	24	
12 Junie	Brendon Botha	20	084 256 7622
13 Junie	Paul Vorster	12	082 735 9938
13 Junie	Sarel Jansen van Vuuren	10	083 236 2485
15 Junie	Jacques Smit	19	018 468 4392

Van harte geluk met jou verjaardag hierdie week. Die seën van die Here word jou toegebid.


Pensioena  
ris  
beskikbaar  
om  
nutswerkie  
s te verrig  
– Kontak  
Br Corrie  
Botha 083  
429 4824



**4**  
**SIMBAAL**  
**10 Junie**  
**2012**

## SIMBAAL 10 Junie 2012

**5.**



## BEROEPE ONTVANG

\* Ds R Jansen van Vuuren van Hendrina/Carolina kombinasie na Vryheid.

\* Ds W Jobse van Barkly-Oos/Maclear-Elliott-kombinasie na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.

## BEROEPE AANVAAR

\* Ds PR Gouws van Newcastle na Pietersburg-Suid.



## **NAMIBIË UITREIK 2012**

Die studente van Gereformeerde Kerk Cachet vertrek hierdie jaar (29 Junie-7 Julie) weereens op ons jaarlikse uitreik na Drimiopsis, Namibië. Hierdie uitreik dien as steun vir die Gereformeerde Kerk Sanveld. Die uitreik word finansieel gedra deur borge van ander gemeentes en

fondsinsamelings wat die uitreikers self hou. Die bestuur wil u ook graag nader en vra dat u ons moontlik bystaan met finansiële bydrae, sodat ons weer, op ons beurt, daarmee die inwoners van Drimiopsis kan bystaan (d.m.v. Bybels, kospakkies en bouprojekte) of benodigdhede vir die uitreikers kan aankoop.

Bankbesonderhede: Namibië Uitreik Hulpprojekte  
Rek. nr. 3833 1290 243 ABSA, Takkode: 335-138  
Verwysing: Namibië, [naam/rede vir skenking]  
Bewys van betaling na: [marnix.boersema@gmail.com](mailto:marnix.boersema@gmail.com)



## SIMBAAL 10 Junie2012

**5.**

### AAN DIE SUSTERS

EK Sê DANKIE!  
VIR TAGTIG JAAR HET EK NOOIT NA 'N WOLK GESTAAR  
DIE HERE EN DIE KERK WAS ALTYD DAAR  
SAAM HET ONS DIE PAD GESTAP  
DIE BLYDSKAP EN DIE SEER GEDEEL  
SAAM DIE HOOGSTE PIEKE UITGEKLIM  
SAAM ELKE STRUIKELING OORWIN  
EK DANK DIE HERE VIR DIE VROU  
VIR AL JULL LIEFDE EN JULL TROU  
WANNEER DIE LAASTE BASUIN VIR MY BLAAS  
BID EK: LAAT 'N VROU MY Oë TOEDRUK VERLAAS  
NOGMAALS DANKIE

### JAN DE KLERK



Die susters het verlede Sondag werklik 'n hele paar van ons ouer garde sprakeloos gehad met die kniekombesies wat uitgedeel is. Dit het ook 'n hele paar minder gelukkiges laat oe en aa met verwondering en

waardering vir die kaleidoskoop van kleure. Ons het groot waardering vir hierdie harde werk gedoen deur die susters – die dienende Marthas.

Wat is 'n huis sonder 'n moeder en wat is 'n gemeente sonder sy susters?



### WAT IS LIEFDE?

Dis 'n houtkruis teen alleenheid, 'n steunpilaar in pyn, 'n vuurhoutjie en olielamp, wanneer jou lewenslig begin kwyn, dis 'n oor wat na jou luister al praat jy soms nie sens nie, 'n stem wat vir jou fluister "Jy is 'n dierbare mens" dis 'n kombers teen die koue, 'n sambrel teen die reën, 'n front waardeur geen wind kan waai, selfs wanneer die donderweer buite dreun, dis 'n telefoon oproep uit die bloute, 'n drukkie wanneer jy dit die nodigste het, wanneer woorde oorbodig is, word liefde 'n stille gebed. Bo als is Liefde – 'n gawe van God – geen mens kan daarsonder klaar kom, dis die kern van Sy Grootste gebod.

## SIMBAAL 10 Junie 2012

**3.**

- Janneman Botha het hierdie week weer 'n operasie aan sy oog laat doen en sterk tuis aan. Ons vertrou dat hierdie operasie geslaagd was.
- Aan elkeen wat hierdie tyd hoes en proes – drink die medisyne en vitamiene, hou julle warm en rus wanneer nodig.



### MY VINGERAFDRUKKE

"Here, oral waar ek gaan laat ek vingerafdrukke na.

Op die hande wat ek aanraak, op borde, mure en boeke.

Daar is nie wegkom kans nie,

Waar ek vat plaas ek 'n teken van my identiteit."

"Help my Here, om vandag waar ek ookal gaan

Hartafdrukke na te laat.

Hartafdrukke van regverdigheid en deernis,

Van begrip en liefde, van barmhartigheid en belangstelling.

Hartafdrukke van hartlike vriendelikheid

En van opregte betrokkenheid.

Mag my hart 'n ander hart aanraak

En 'n afdruk van u liefde laat.

"En as iemand sou sê:

"Jou aanraking het my vandag versterk"

Laat hulle agterbly met die wete dat dit

U liefde was wat hul in my ervaar het."